BEPALINGS EN VOORWAARDES

INLEIDING:
Die deelnemer erken dat hy/sy die geleentheid gekry het deur die bepalings en voorwaardes te lees. Verder stem die deelnemer saam met die kompetisiereëls soos uiteengesit in hierdie bepalings en voorwaardes. Hierdie bepalings en voorwaardes bind die deelnemer tot die kompetisie se reëls en regulasies.

1. CASA LAGUA VAKANSIE-KOMPETISIE:

1.1 Die kompetisie is geldig vanaf Maandag 1 Mei tot 6 Junie 2025. Hierdie sal voortaan as die *kompetisie tydperk* bekend staan.

1.2 Geen laat inskrywings buite hierdie tyd en datum sal aanvaar word nie.

2. KOMPETISIEBEPALINGS EN -VOORWAARDES:

2.1 Dit is jou verantwoordelikheid om te verseker dat enige informasie wat jy aan ons verskaf akkuraat, volledig en op datum is.

2.2 Enige persoon wie se inskrywing nie ontvang word voor die einde van die kompetisie datum en tyd nie, sal nie in ag geneem word nie, ongeag die rede vir die laat inskrywing.

2.3 ‘n Wenner kan nie verander word tensy die wenner nie in staat is om sy/haar prys te verhaal nie, of indien die beoordelaars van die kompetisie die wenner as ongeskik ag.

2.4 Indien die pryswenner onder 18 jaar van ouderdom is en as ‘n Casa Lagoa-vakansiewenner getrek word, moet hy/sy deur ‘n ouer/voog vergesel word.

2.5 Enige kostes of uitgawes wat jy mag aangaan is op jou eie onkostes/rekening.

2.6 Die beoordelaars se besluit is finaal en geen korrespondensie word oor die kompetisie gevoer nie.

2.7 Diegene van Casa Lagoa neem geen verantwoordelikheid vir enige besering, skade, verlies of eisverwante voorvalle nie.

2.8 Die prys sal slegs oorhandig word aan die persoon in wie se naam die kompetisie-inskrywing is. As daardie persoon om enige rede nie die prys kan gebruik nie, kan hy/sy 'n ander persoon aanwys.

2.9 Met die deelname aan die kompetisie verskaf u aan SAVF CECILIA VAN WIJK en/of borg van die prys toestemming om ‘n foto van u as wenner te neem - sou so versoek word. Die foto mag gepubliseer word.

2.9 Vakansie is nie verruilbaar vir kontant nie.

2.10 Kompetisie word gereguleer deur Suid-Afrika se wetgewing.

3. KOMPETISIEBORGE:

3.1 Prysborg:

CASA LAGOA – BILENE

4. KOMPETISIEPRYSE:

7 Dae (6 nagte)

<u>Bepalings en voorwaardes:</u>

- Ons kombuise beskik oor die nodige breekware, eetgerei, voorbereiding- en bedieningstoebehore. Daar is ook toegerusde gasstowe, elektriese ys- en vrieskaste.
- Die waarde van die vakansie-prys kan nie geruil word vir 'n kontantprys nie.
- Die wenners van die prys het 'n geldige paspoort nodig.
- Die prys is vir 6 *maande geldig* vandat dit uitgereik is.